

Vanuit die noorde en die suide tot by die Beloofde Land



SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Daniël 11 en hfst. 8:3-8 en verse 20-22; Jesaja 46:9, 10; Daniël 8:9 en 23; Matteus 27:33-50.

Geheeteks:

“Dan sal die vervolging party van die verstandige leiers tref sodat die volk gelouter, gesuiwer en gereinig kan word tot die eindtyd toe, want die einde is klaar bepaal” (*Daniël 11:35, NAB; vgl. ook OAB*).

Voordat ons met hierdie uitdagende hoofstuk begin, moet ons eers op ’n paar dinge let. Eerstens loop Daniël 11 parallel met die algehele profetiese uitleg van die boek Daniël. Die profetiese boodskap in hoofstuk 11 stem in terme van vertelde tyd (die historiese tydperke wat gedek word) ooreen met dié van hoofstukke 2, 7, 8 en 9 – dit strek vanaf Daniël se leeftyd tot aan die eindtyd. Tweedens het ons weereens opeenvolgende wêreldryke, ryke wat dikwels God se kinders onderdruk. Dertens bereik elk van die ooreenstemmende profetiese vertellings ’n klimaks, en eindig op ’n hoë en gelukkige noot. In Daniël 2 verpletter die rots (of klip) die beeld, in Daniël 7 ontvang die Seun van die mens die koninkryk, en in Daniël 8 en 9 word die hemelse heiligdom deur die Messias se sending en middelaarswerk gereinig. Hoofstuk 11 het ’n driedelige struktuur. Dit begin eerstens by die Persiese konings en bespreek elkeen se lot, asook die eindtyd wanneer die koning van die noorde ’n aanval op God se heilige berg gaan loods. Daarna het ons, tweedens, ’n aantal opeenvolgende oorloë tussen die koning van die noorde en dié van die suide, asook hoe dit God se kinders raak. Dertens sluit hoofstuk 11 op ’n hoë noot af, met die koning van die noorde wat sneuwel voor die “die pragtige berg waar die heiligdom staan” (*Dan. 11:45, NAB*). Hierdie positiewe slot beteken die einde van boosheid en die vestiging van God se ewige koninkryk.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 21 Maart.*

Profesieë oor Persië en Griekeland

Lees Daniël 11:1-4. Wat gebeur hier wat 'n mens aan sommige van Daniël se vorige profesieë laat dink?

Gabriël sê vir Daniël dat drie konings vanuit Persië gaan verrys. Daarna sal 'n vierde kom wat ryker as die voriges gaan wees en wat slaags met die Grieke gaan raak. Na Kores het drie opeenvolgende Persiese heersers gekom: Kambuses (530-522 v.C.), die Valse Smerdis (522 v.C.) en Darius I (522-486 v.C.). Die vierde koning is Xerxes wat in die bybelboek Ester Ahasveros genoem word. Hy was skatryk (Est. 1:1-7) en die leër waarmee hy teen Griekeland opgeruk het om dit te beleër, was 'n oormag, net soos die profesie voorspel het. Ten spyte van die oormag word Xerxes se aanval deur 'n heelwat kleiner Griekse leër – 'n leër wat dapper baklei het – afgeweer. Dit is nie moeilik om uit te werk dat die magtige koning wat in Daniël 11:3 verrys, Aleksander die Grote is nie, 'n koning wat immers destyds die opperheerser van die antieke wêreld geword het. Op die ouderdom van 32 is hy egter oorlede, sonder 'n erfgenaam om oor die Griekse Ryk te regeer. So is die koninkryk dan onder sy vier generaals verdeel; met Seleucus oor Sirië en Mesopotamië, Ptolemaeus oor Egipte, Lusimagos oor Trasië en dele van Klein-Asië, en Kassandros oor Masedonië en Griekeland.

Vergelyk Daniël 11:2-4 met Daniël 8:3-8 en verse 20-22. Hoe help al hierdie teksverse 'n mens om te bepaal dat Aleksander die magshaber is wat hier beskryf word?

Wat kan ons uit dié verskillende name, datums, plekke en historiese gebeure leer? Eerstens, dat profesie vervul word net soos God se getroue boodskapper – die Bybel – sê. Dit faal nooit nie. Tweedens, dat God ook Heer van die geskiedenis is. Soms lyk dit asof die opeenvolgende politieke bedelings, leiers en koninkryke deur die ambisie van keisers, diktators en politici met uiteenlopende sienings aangedryf word. Die Bybel toon egter dat God in beheer van alles is, en dat Hý die verloop van die geskiedenis volgens sý volmaakte wil bepaal, wat uiteindelik tot die uitwissing van die bose en die daarstelling van God se ewige koninkryk sal lei.

Profesieë oor Sirië en Egipte

Lees Daniël 11:5-14. Wat gebeur hier?

Na die dood van Aleksander die Grote word die enorme Griekse Ryk onder die keiser se vier generaals verdeel. Twee van hulle – Seleucus oor Sirië (in die noorde) en Ptolemaeus oor Egipte (in die suide) – kry dit reg om dinastieë op die been te bring wat onderling veg, om beheer van die land te verkry.

Die meeste bybelstudente sien die oorlog tussen die koning van die noorde en dié van die suide (waarvan Daniël 11:5-14 praat) as die vele oorloë wat destyds tussen hierdie twee dinastieë gevoer is. Volgens die profesie sou daar 'n poging wees om die twee dinastieë deur ondertrouery te verenig, maar daardie alliansie was uiteindelik van korte duur (*Dan. 11:6*). Historiese bronne dui daarop dat Antiochus II Theos (261-246 v.C.), die kleinseun van Seleucus I, met Berenice, die dogter van die Egiptiese koning Ptolemaeus II Philadelphus, getrou het. Die ooreenkoms het egter nie gehou nie en die konflik wat 'n direkte uitwerking op die volk van God gehad het, is sommer gou weer hervat. Hoofstuk 11 handel dus oor 'n aantal belangrike gebeure wat God se kinders in die eeue na die profetie Daniël sou raak.

Opnuut wonder 'n mens waarom die Here al hierdie dinge in die fynste besonderhede voorspel – oor allerhande oorloë en koninkryke wat mekaar die stryd aansê en dit om beheer oor 'n bepaalde wêrelddeel te verkry. Tog is die rede eenvoudig: omdat hierdie oorloë die kinders van die Here geraak het. Die Here lig dus sy kinders vroegtydig in oor al die uitdagings wat nog vir hulle voorlê. Neem ook in ag dat God die Heer van die geskiedenis is. Ons sien dus weereens hoe God se woord bewaarheid word, met elke profesie wat op 'n bepaalde historiese gebeurtenis uitloop. Die God wat die wisseling van daardie strydende Hellenistiese koninkryke se lot voorspel het, is duidelik die God wat die toekoms ken. Hy is waardig. Op Hom kan ons ons vertrou stel. Hom kan ons glo. Die Here is 'n grote God, nie die produk van menslike verbeelding soos die afgode nie. Die lewende God bepaal nie net die verloop van die geskiedenis nie, maar ook ons lewensloop as ons Hom net 'n kans wil gee.

Lees Jesaja 46:9 en 10. Hoeveel grondbeginsels van die Christelike leer bevat hierdie twee teksverse, en watter groot hoop kan ons daaruit put? Dink net hoe vreesaanjaend vers tien sou wees as onse God nie goedhartig en liefdevol was nie, maar wraaksugtig en gemeen was.

Rome en die Vors van die verbond

Lees Daniël 11:16-28. Hierdie skrifgedeelte is nogal moeilik om te verstaan. Nietemin bevat dit beelde wat elders in Daniël verskyn. Watter beelde is dit?

’n Magsverandering van die Hellenistiese konings na heidense Rome word waarskynlik hier in Daniël 11:16 uitgebeeld: “En hy wat uit die Noorde teen hom kom, sal maak net soos hy wil, en niemand sal voor hom standhou nie; hy sal ook gaan staan in die Pragtige Land, terwyl daar verdelging in sy hand is” (OAB). Die Pragtige Land is Jerusalem, ’n gebied waar antieke Israel gewoon het (die NAB noem dit die “belofde land”), en die nuwe wêreldmag wat daardie landstreek oorneem, is heidense Rome. Dieselfde gebeurtenis word ook versinnebeeld deur die horisontale groei van die kleinhorinkie-mag, wat die Pragtige Land bereik (*Dan. 8:9*). So die maanheid wat in dié stadium die wêreld probeer oorneem, is bes moontlik heidense Rome. ’n Paar ander elemente in die skrifgedeelte rugsteun hierdie gevolgtrekking. Let byvoorbeeld op die sinsnede “iemand wat ’n belastinggaarder sal aanstel” (NAB) wat sekerlik op keiser Augustus dui. Dit was immers tydens sy regering dat Maria en Josef vir die volkstelling na Bethlehem moes reis, en was ook die tyd waarin Jesus gebore is (*Dan. 11:20*). Voorts sou die heerser in hierdie profesie deur ’n “veragtelike persoon” opgevolg word (*Dan. 11:21, NAB*). Die geskiedenis toon inderdaad dat keiser Augustus deur sy aanneemkind, Tiberius, opgevolg is. Tiberius was bekend vir sy eksentrisiteit en wreedheid.

Bowen al was dit tydens Tiberius se bewind, soos hierdie skrifgedeelte aantoon, dat “die vors van die verbond” verbreek sou word (*Dan. 11:22*). Hierdie verbreking is duidelik die kruisiging van Jesus, die een wat ook “’n Gesalfde, ’n Vors” genoem word (*Dan. 9:25, OAB; vgl. ook Matt. 27:33-50*). Jesus is immers tydens die bewind van Tiberius tereggestel. Hierdie verwysing na Jesus as “die vors van die verbond” is ’n kragtige baken in die vloei van historiese gebeure, wat weereens ’n kragtige bewys is van God se wonderbare voorkennis. Al die gebeure van die verlede is ten volle bewaarheid, presies soos God dit voorspel het. Ons kan dus die Here vertrou, ook vir die profesieë wat nog vervul moet word.

Te midde van al die politieke en historiese gewoel, kom Jesus van Nasaret – “die vors van die verbond” – in hierdie skrifgedeelte te voorskyn. Hoe help dit ons om te besef dat Christus, te midde van onstuimigheid en politieke stryd, steeds die Middelpunt van die Bybel is?

Die volgende magsbestel

Lees Daniël 11:29-39. Watter entiteit verrys na heidense Rome?

Daniël 11:29-39 verwys na 'n nuwe soort magsbestel. Alhoewel dit vanuit heidense Rome – d.w.s. vanuit die Romeinse Ryk – verrys, en dus bepaalde eienskappe van sy voorganger geërf het, is dit in ander opsigte splinternuut. Die Bybel sê dat dit “hierdie keer nie weer soos die vorige keer sal gaan nie” (*Dan. 11:29; NAB, woordorde effens aangepas*). Voorts sien 'n mens dat dit soos 'n godsdienstige mag optree. Die aanvalle wat dit loods, is hoofsaaklik op God en sy kinders gerig. Kom ons kyk nou na 'n paar van hierdie koning se wandade.

Eerstens, sal hy “sy toorn openbaar teen die heilige verbond” (*Dan. 11:30, OAB*). Hier verwys dit gewis na God se verlossingsverbond, wat hierdie koning teëstaan.

Tweedens, gaan hy magte uitstuur wat “die heiligdom, die vesting, onheilig” en “die voortdurende offer afskaf” (*Dan. 11:31, OAB*). In Daniël 8 het ons dit ook gesien, hoe die klein horinkie God se “heilige woning” neergewerp en Hom die “voortdurende offer” ontnem het (*Dan. 8:11, OAB*). Hierdie behoort as 'n geestelike aanval – te wete teen Christus se middelaarswerk in die hemelse heiligdom – geïnterpreteer te word. Die nuwe magsbestel se aanval op die heiligdom lei derdens daartoe dat “die ontsettende gruwel” (hfst. 11:31, OAB) in God se tempel geplaas word. 'n Ooreenstemmende uitdrukking in Daniël 8:13 – “die ontsettende goddeloosheid” – dui op die rebellie van die klein horinkie en die afvalligheid wat dit meebring (*OAB*).

Vierdens vervolg hierdie nuwe bestel die kinders van die Here: “Dan sal die vervolging party van die verstandige leiers tref sodat die volk gelouter, gesuiwer en gereinig kan word tot die eindtyd toe” (*Dan. 11:35, NAB*). Dit laat dink 'n mens aan die kleinhorinkie-mag, wat sommige van “die leër” asook “die sterre” neergewerp en hulle vertrap het (*Dan. 8:10; vgl. met Dan. 7:25*). Let ook, vyfdens, op die volgende: “Die koning van die noorde sal maak soos hy wil en sal hom verhef en hom groter hou as enige god. Selfs teen die ware God sal hy ongehoorde dinge sê” (*Dan. 11:36, NAB*). Dit is geensins verbasend dat die klein horinkie dit ook doen nie. Hy spreek “groot dinge” (*Dan. 7:8, OAB*) en boonop teen die Allerhoogste (*Dan. 7:25*).

Ander ooreenkomste kan ook aangetoon word. Let egter op die dinge wat ons reeds in Daniël 7 en 8 ontdek het. Wie of wat is hierdie mag (of magsbestel)? Hoekom is dit so belangrik dat ons, ten spyte van groepsdruk, vasstaan by ons siening oor hierdie entiteit se ware identiteit?

Eindtyd-gebeure

Lees Daniël 11:40-45. Wat gebeur hier?

Die volgende sinsnedes kan ons help om sin van hierdie skrifgedeelte te maak:

Die tyd van die einde: Dié uitdrukking verskyn slegs in die boek Daniël (*hfst. 8:17, 11:35 en 40, 12:4 en 9*). 'n Studie van Daniël se profesieë toon dat die eindtyd in 1798 met die val die pousdom begin het, en dat dit tot by die opstandingsmôre strek (*Dan. 12:2*).

Koning van die noorde: Eerstens dui hierdie naam geografies gesproke op die Seleukiese dinastie. Tog dui dit in 'n later stadium ook op heidense en later op pouslike Rome. Die koning van die noorde" is dus nie 'n plek op 'n antieke kaart nie, maar eintlik die geestelike vyand van die kinders van die Here. Let ook op die feit dat die koning van die noorde 'n namaaksel van die ware God is, die lewende God wat in bybelsimboliek met die noorde geassosieer word (*Jes. 14:13*).

Koning van die suide (OAB): Aanvanklik dui dit op die Ptolemeïese dinastie in Egipte, suid van die Heilige Land. Later kom 'n teologiese dimensie by en dui volgens sommige bybelgeleerdes op ateïsme. In haar kommentaar oor dié verwysing na Egipte in Openbaring 11:8 sê Ellen G. White: "Dit is ateïsme" (*The Great Controversy*, bl. 269).

Die berg van die heilige prag: In Ou-Testamentiese tye het dit op Sion gedui, die hoofstad en hartland van Israel. Dit was dus 'n letterlike plek in die beloofde land. Na die kruis is God se kinders egter nie meer aan 'n bepaalde etniese of geografiese herkoms uitgeken nie. Die heilige berg waarvan hierdie skrifgedeelte dus melding maak, is 'n simboliese en nie 'n geografiese identiteit nie – dit dui op al God se kinders wêreldwyd.

So, dalk kan hierdie gebeure soos volg geïnterpreteer word:

(1) Die koning van die suide val die koning van die noorde aan – die Franse Revolusie probeer vergeefs om godsdiens uit te roei en die pousdom te oorwin. (2) Die koning van die noorde val dié van die suide aan en oorwin hom – die godsdienstige magsbestel onder leiding van die pousdom en sy bondgenote sal uiteindelik die magte van ateïsme oorwen, en dan 'n koalisie met die verloeders vorm. (3) Edom en Moab en die beste deel van die kinders van Ammon sal ontkom – sommige wat nie voorheen as deel van God se oorblyfsel beskou is nie, sal ter elfder ure by hulle aansluit. (4) Die koning van die noorde maak gereed om die berg van die heilige prag aan te val, maar dan sneuvel hy – die magte van duisternis word vernietig en God se ewige koninkryk daarna gevestig.

Vir verdere studie:

Interessant genoeg kon Martin Luther dit regkry – wel ten minste wanneer dit by Daniël 11: 11:29-39 kom – om vers 31 se “ontsettende gruwel” korrek as die pousdom en sy leerstellings en praktyke te identifiseer. Die verband tussen Daniël hoofstukke 11, 7 en 8 rugsteun gevolglik die sienings van Luther en ook dié van baie ander Protestantse kommentators – naamlik dat die pouslike instelling met al sy leerstellings inderdaad die historiese vervulling van hierdie profesie is. In dié verband skryf Ellen G. White: “Geen kerk wat onder Roomse gesag was, is lank met rus gelaat om volgens hul gewete die Here te aanbid nie. Skaars het die pousdom mag verskry of sy vervolg almal wat weier om haar oppergesag te erken en vermorsel hulle. Een na die ander het die kerke die knie voor haar gebuig” (*The Great Controversy*, bl. 62).

Vrae vir bespreking:

1. Hoe kan 'n mens ander se gevoelens in ag neem sonder om die bybelboodskap aangaande Rome se rol in die eindtyd te kompromieer?
2. Daniël 11 vers 33 sê: “En die verstandiges onder die volk sal baie tot insig bring; maar hulle sal struikel deur swaard en vlam, deur gevangenskap en berowing, dae lank” (OAB). Wat sê dit aangaande die lot van sekere van God se getroue kinders? Wat doen hierdie mense voordat hulle 'n martelaarsdood sterf? Wat kan ons as moderne gelowiges hieruit leer?
3. Daniël 11 vers 36 sê: “En die koning sal doen net wat hy wil en homself verhef en hom groot hou bo enige god, en teen die God van die gode sal hy wonderbaarlike dinge spreek; en hy sal voorspoedig wees, totdat die grimmigheid ten einde is; want wat vas besluit is, sal uitgevoer word” (OAB). Aan wie en wat laat dit 'n mens dink? (*Lees Jes. 14:12-17; asook 2 Tess. 2:1-4.*)
4. Daniël 11:27, 29 en 35 gebruik die sinsnede lamma'ed. Dit beteken “op die bestemde tyd” oftewel “dit is klaar so bepaal” (NAB). Wat sê dit vir 'n mens oor God en die feit dat Hy die verloop van die geskiedenis bepaal?